Handwerk (b)

Graad 3

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Die waarde van tydsbenutting te laat besef.
2. Spesifieke handvaardighede aan te leer.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Saam met die Offisier ‘n keuse maak uit ‘n aantal voorbeelde van die artikels wat hulle wil maak.
2. Beplan wat benodig word, hoe dit bekom kan word en maak ‘n eenvoudige kosteberekening.
3. Kennis hê van:
   - Die werking van die apparaat waarmee hy gaan werk.
   - Die nut van die apparaat waarmee hy gaan werk.
   - Die gevare van die apparaat waarmee hy gaan werk.

Voorafoefening met die apparaat sal in sommige gevalle nodig wees.

4. Weet hoe om homself en sy omgewing te beskerm teen permanente skade indien daar gemors sou word. Byvoorbeeld: gom, klei en verf op matte en meubels.
5. Vier werklik bruikbare artikels onder toesig van die kursusaanbieder maak. In elke geval word van ‘n ander tegniek gebruik gemaak.
6. Betrokke wees by die opruim van die lokaal en die wegpak van die apparaat na elke werksessie.

C AANBIEDING

1. Dit sal beter wees as die kinders ‘n keuse uit reeds voltooide artikels kan maak in plaas van net na prentjies te kyk. Dit is nodig dat die aanbieder die artikel eers self sal maak om vas te stel waar probleme kan opduik en wat die werklike koste daaraan verbonde sal wees.
2. Wanneer materiaal van enige aard gekoop moet word, is dit raadsaam om vooraf die ouers te ken in die saak, eerder as om net ‘n boodskap huis toe te stuur.
3. Dit is wenslik om die apparaat, verf of wat ookal gebruik sal word, te demonstreer en waar nodig eers ‘n oefenlopie toe te laat.
4. Vereiste 5. Beplan sorgvuldigsodat die artikels wat gemaak word wel bruikbaar en nodig is. Moenie geld probeer spaar deur afvalmateriaal te gebruik nie, anders het jy na harde werk nog altyd net ‘n afvalproduk.
5. Die laaste vereiste is om die kind die lewensles te leer van “ek maak skoon waar ek gewerk het”. Wees streng hiermee, gee duidelike opdragte en laat almal betrokke wees.

Voorbeelde van tegnieke:

Kleiwerk	lapverf	Servetkuns	découpage
Mosaïek	knoop-en-doop	Kaartjiesmaak	verf en plak
gipsvorms	deegkuns	“scrapbooking”	3D-decoupage
Aartappeldruk			